

# Die predikant: 'n Werknemer van die kerkraad?

## ABSTRACT

### The minister: an employee of the church council?

In this article it is argued that the relationship between a minister and the congregation is not one of employment, but a relationship *sui generis* that is constituted in a community *alius generis*. As seen from the reformed church government, this relation is governed on a Scriptural and dogmatic basis in the church as the people of God, and not by state government.

## 1. INLEIDING

### Probleemstelling

Die verbintenis van predikante aan plaaslike kerke<sup>1</sup> is sedert 1999 opnuut in die ondersoekveld van die gereformeerde teologie betrek (vgl Vorster 1999: 1, 2, 128; Coertzen 2000:1-10; Scholtz 2000:1,2). Die hof het bevind dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n werkgewer-werknemer verhouding is:

'n Predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dus die werknemer van die gemeente waarin hy of sy diens doen en voor Oktober 1998 het so 'n predikant ook nog sekondêre werkgewers gehad, dit wil sê, die betrokke ring en die betrokke sinode (tot 'n mindere mate) (*Schreuder v Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others* 1999 20 ILJ 1936 op 1942).

Hierdie uitspraak bring bepaalde vrae na vore:

- Is die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk volgens die Skrif 'n werkgewer-werknemer verhouding?
- Het dié verbintenis moontlik 'n ander aard as die van 'n werkgewer-werknemer verhouding?
- Konsekwensies van die genoemde hofuitspraak: sal die howe in die toekoms die vryheid aan kerke bied om kerkregering volgens die Skrif en belydenis uit te oefen?

Die sentrale probleemstelling wat in hierdie artikel aangespreek word, word soos volg geformuleer:

*Is die predikant volgens Skrif en belydenis 'n werknemer van die kerkraad wie se diens deur die arbeidswetgewing gereël moet word?*

<sup>1</sup> Die begrippe plaaslike kerk en gemeente word in hierdie studie uitruilbaar gebruik (kyk Du Plooy 1979:12;22 ev)

Die aktualiteit van die probleemstelling is dat dit die wese van die kerkregering raak:

- Gaan die staatsowerheid in Suid-Afrika die kerke in die toekoms deur wetgewing regeer?
- Gaan die kerke hulle belydenis, dat Christus die kerk volgens sy instelling regeer, ter wille van staatsregering kompromitteer?

## 1.2 Doelwitte

Om 'n antwoord op dié probleemstelling te bedink, dien die volgende vrae as rigtingwysers:

- In wie se diens staan die predikant eintlik?
- Hoe moet die verhouding tussen die predikant en die kerkraad verstaan word?
- Lê die bevoegdheid, waarvolgens die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk gereël word, by die kerk of die staatsowerheid?

Hierdie bydrae wil probeer om enkele voorstelle te maak oor hoe gereformeerde kerke, dit is kerke wat die drie formuliere van eenheid as belydenisskrifte aanvaar, vanuit 'n gereformeerde-kerkregtelike perspektief moontlik die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk in die toekoms kan reël.

## 2. DIE "WERKGEWER" VAN DIE PREDIKANT

### 2.1 Die predikant: 'n gawe (*charisma*) en diens (*diakonia*) in die plaaslike kerk

#### 2.1.1 Die plaaslike kerk

Volgens die gereformeerde kerkregering is die plaaslike kerk die universele kerk ter plaatse. Die één wêreldwye apostoliese kerk kom sigbaar tot uitdrukking waar gelowiges op 'n bepaalde plek saamkom en saamleef (Snyman 1977:35, 78 ev). Elke plaaslike kerk is complete kerk waar hy in die wêreld vergestaltung vind (Smit 1988:133). Die kerk kom in die wêreld by wyse van die uitverkieping deur roeping tot stand (Van't Spijker 1990:145 ev). Hiervolgens is die totstandkoming van die kerk in die wêreld 'n inisiatief wat alleen aan God toegeskryf kan word (Brown 1986:275). Die kerk is derhalwe 'n andersoortige (*alius generis*) gemeenskap in die burgerlike samelewing, totaal anders as enige ander samelewingsverband. Die kerk is:

... 'n unieke gemeenskap; totaal anders as enige ander menslike samelewingsverband. Daar is net één ware kerk, die liggaam van die Here Jesus Christus waarvan Hy die Hoof is (KO-boekie, 1980:7).

In die complete plaaslike kerk gee Christus gawes en dienste om die kerk tot sy eer op te bou (Grosheide 1957:335). Hierin vervul die diens van leraars (*didaskaloi*) ongetwyfeld 'n besondere funksie. Trouens, hierdie diens van predikant is juis die diens tot opbouing van die plaaslike kerk as liggaam van Christus (Spoelstra 1989:41).

#### 2.1.2 Gawe en diens: in en vir die plaaslike kerk

Die predikant is in sy verbintenis aan die plaaslike kerk tegelyk 'n *charisma* (gawe) en *diakonia* (diens) in die gemeente (Van der Linde 1980:24, 25). Deur die *charismata*, die gawes wat God gee, ontvang die predikant die bekwaamheid om sy dienswerk te kan uitvoer (Visser 1999:7). Die gawe roep juis om die diens (Coetzee 1975:33).

Hierdie diens is nie onderhewig aan die gemeente, of onderhorig aan die kerkraad nie, omdat dit deur die Heilige Gees as 'n gawe uit die gemeente vir die gemeente gegee word (Venter 1988:97). Eweneens vorm die predikant wesentlik deel van die kerkraad, hoewel daar 'n differensiasie in die diens bestaan (KO artt 16, 23). Christus gee saam met die ander dienste die predikantediens juis om sy gesag in die gemeente te bedien. In die kerk bly Christus dié Herder aan wie die predikant onderhorig is (Tweede Helvetiese konfessie; Bouwman 1970(I): 334).

## 2.2 Roeping van die predikant

### 2.2.1 Inwendige roeping

Die inwendige roeping is 'n begeerte om amptelik in die diens van Christus aan die kerk verbind te wees (Calvyn 1991:4.3.11). Derhalwe is dit 'n "volhardende en standvastige innerlike drang" wat die Heilige Gees in 'n persoon wek om die Woord te verkondig (Van der Linde 1983:13). Die roeping van die predikant kom uit 'n persoonlike verhouding tussen God en die predikant tot stand (Van der Linde 1980:31, 32). As geroepene is die predikant die gesant van Christus (vgl Moens 1962:21). In die diens waartoe die predikant geroep word, is hy volkome van God afhanklik. God self is die Krag en die Bron wat die predikant van sy roeping verseker; hom daarvan oortuig dat hy besig is met die werk van die Here en hom in staat stel om met sy werk voort te gaan (Jones 1961:43). Die oorsprong van die predikantediens lê nie primêr in menslike inisiatief nie, maar in die roeping wat van God kom.

### 2.2.2 Uitwendige roeping

Die uitwendige roeping bestaan in die bevestiging van die inwendige roeping deur die beroeping van 'n plaaslike kerk. Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk word dus deur 'n ooreenstemming van die inwendige- en uitwendige roeping voltrek (Bavinck 1930(IV):51, 55 e.v.). Soos die inwendige roeping van God kom, kom ook die uitwendige roeping van Hom (Brown 1986(I):275). Die gemeente beroep die predikant *middellik* as werktuig in die hand van God (Van der Linde 1965:55). Soos die predikant deur die gewas wat hy ontvang het, toegerus word om uitdrukking te gee aan sy inwendige roeping, so word die bevoegdheid om in die plaaslike kerk te dien deur die voltrekking van die uitwendige roeping gegee (vgl Visser 1999:7). Bekwaamheid sonder bevoegdheid beteken nie roeping nie, en bevoegdheid sonder bekwaamheid kan eweseer nie as roeping geag word nie (vgl Calvyn 1848:131, 132).

## 2.3 Gestuur tot opbou van die plaaslike kerk

### 2.3.1 Twee verbintenisse

Die predikant word gestuur om die plaaslike kerk op te bou (vgl Eseg 3:16-21; Matt 18:15,16; 24:45-51; Hebr 13:17 in die lig van Matt 10:40; Feenstra 1947:393; Van der Linde 1980:31,32). Hierdie stelling veronderstel twee verbintenisse. Die eerste verbintenis is dié tussen Christus (die Sender) en die predikant (die gestuurde) en die tweede tussen die predikant (die beroepene) en die plaaslike kerk (die beroeper). Hier word kortliks op die twee verbintenisse ingegaan.

#### 2.3.1.1 Die verbintenis tussen die Sender en die gestuurde

Die herderbeeld bied perspektief op die verbintenis wat tussen Christus en die predikant bestaan. Volgens die Skrif is die predikant nie 'n *mishootos* (huurling of werknemer) nie (Joh 10:11-13). As herder staan die predikant (Ef 4:11) in diens van Christus. Hy is die herder wat onder gesag van die Ware Herder staan (1 Pet 5:4; Bouma 1964:21). Die kenmerk van die herder is dat hy sy diens in die gemeente uit liefde vir Christus (die Ware Herder) en sy kerk verrig (ibid:22).

Die karakteristieke kenmerk van die Ware Herder se diens is dat Hy bereid is om sy lewe vir die kudde af te lê (Bouma 1964:21). Christus is die Herder wat sy lewe vir die kudde afgelê het. Maar Hy het ook die volmag om sy lewe weer op te neem (Joh 10:18). Deur die liefde moet die predikant as herder bereid wees om sy lewe vir die kudde van die Here af te lê (vgl Joh 10:11-13). Hierin lê die onderskeid tussen *herder* en *werknemer*:

Een huurling echter kan in de goede zin des woords de naam van herder niet dragen. Want de naam sluit *wederkerige betrekking en aanhankelijkheid* in. En dat geld van de huurling niet. Het lot der schapen gaat hem niet ter harte (*My beklemtoning* – J.S.; Bouma 1964:21).

#### 2.3.1.2 Die verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk

Die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk word in die Skrif met die diens van 'n soldaat vergelyk (2 Tim 2:3, 4). 'n Soldaat vervul 'n diens met 'n unieke karakter. Daarom is die weermag in Suid-Afrika van die arbeidswetgewing vrygestel. In die predikant se diens aan die plaaslike kerk is hy soos die soldaat wie se taak sy hele menswees omvat:

... hier is sprake van een *soldaat, die te velde trekt*. De krijgstoet is aangevangen ... En nu blijft alles liggen ... Alle bezigheid van handel en arbeid en bedrijft, om daardoor in het dagelijkse levensonderhoud te voorzien ... Voor zijn [de soldaat] levensonderhoud zorgt de veldheer. Een soldaat te velde die zich wel overgeeft aan al die dingen, laat *zich licht* daarin verstrikken, zodat zijn ziel van zijn eigenlijke taak afgetrokken wordt ... Hij waarschuwt slechts den dienaar in het Evangelie, zijn hart niet te geven aan de bemoeiingen met winstgevende arbeid voor levensonderhoud ... Hij moet zijn hart verhouden van dat alles en zich geheel geven aan den dienst van zijn God. Voor zijn leven zorgt zijn Here (Bouma 1953:137, 138).

Dit is insiggewend dat die Dordtse Kerkorde (1619) by die beeld van die soldaat aansluit wanneer die versorging van die predikant gereël word. Artikel 11 reël die versorging van die predikant as *stipendia iusta*. Dit beteken behoorlike versorging. Die term is veral in die weermag gebruik waar dit op die soldy van 'n soldaat betrekking gehad het (vgl Postma 1989:304). Die billike versorging van die predikant hou in dat hy in staat gestel word om sy diens te kan verrig. Hy ontvang nie 'n salaris, soos die wet 'n salaris in terme van *remuneration* (vergoeding) verstaan nie (Die Wet op Gelyke Indiensneming, wet 55 van 1998 (1(1)); sien Brassey 1998:E16, 7). Die predikant ontvang egter versorging volgens die Skrifopdrag (1 Kor 9:6-14), wat as *stipendia iusta* in 'n traktement gereël word. Hierdeur stel die gemeente hom in staat om sy diens sonder sorg te verrig (Visser 1999:52).

### 2.3.2 Taak van die predikant

Wie tot diens in die kerk van die Here geroep word, ontvang ook sy opdrag wat hy moet uitvoer van die Here. Die opdrag van die predikant is om in die gebede en die bediening van die Woord te volhard, om die sakramente te bedien, om goed ag te gee op die medegelowiges, om saam met die ouderlinge die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind (KO art 16; NGB art 31). In sy diens is die predikant ten diepste aan sy Sender verantwoordig verskuldig (vgl Feenstra 1947:393). Die Een wie se Woord dit is, reël self die diens (Van der Linde 1987:19).

## 2.4 Gevolgtrekking

Op grond van gewas wat Christus aan die predikant gee, dien hy in die plaaslike kerk deur wie hy beroep is. Vir sy dienswerk rus Christus die predikant toe om in die gemeente te kan dien. Deur die roeping van die predikant (inwendig), die beroeping en bevestiging (uitwendig), ontvang hy die bevoegdheid van God om in die gemeente te dien. Volgens die Skrif mag die predikant nie 'n huurling wees nie. Hy is die herder wat as gesant van die Opperherder in die gemeente dien. Derhalwe is die predikant in die eerste en in die laaste plek verantwoordig aan Christus verskuldig.

In sy verbintenis aan die plaaslike kerk moet die diens van die predikant met die van 'n soldaat vergelyk word. Sy taak omvat sy hele lewe en hy moet hom nie oor sy onderhoud bekommer nie. Daarom het die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n eiesoortige karakter; anders as verbintenisse wat in die burgerlike samelewing gesluit word. Die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk vind binne 'n andersoortige (*alius generis*) gemeenskap op 'n eiesoortige wyse

(*sui generis*) plaas. Inderwaarheid kan 'n mens sê dat Christus self die “Werkgewer” van die predikant is.

### 3. DIE VERHOUDING TUSSEN PREDIKANT EN KERKRAAD

#### 3.1 'n Gesagsverhouding tussen die dienste?

Die vraag of daar 'n gesagsverhouding tussen die kerkraad en die predikant bestaan, is vanuit 'n arbeidsregperspektief van belang (kyk *Kruis vs. Christelike Gereformeerde kerk te 's-Hertogenbosch* 1991 NJ 1992 173 637 op 638 en 642-3). In die arbeidsreg word daar gepoog om billikheid tussen 'n werkgewer en werknemer te reël omdat die verhouding “uiteraard gebaseer is op mag en ondergeskiktheid”. Die gesagsdimensie vorm 'n integrale deel van 'n werkgewer-werknemer verhouding (Jordaan en Rycroft 1994:21). Die vraag wat beantwoord moet word, is of die verhouding tussen die kerkraad en die predikant, vanweë die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk, as 'n gesagsverhouding in terme van die arbeidswetgewing gesien moet word.

#### 3.2 Een diens met verskillende funksies

In die Nuwe Testament blyk dat die predikantediens wesenlik ooreenstem met die diens van die ouderlinge (Sillevis Smit 1910:158 ev; 180,181; Van Ginkel 1975: hoofstuk 1; Berkhof 1976:386). Die opdrag van die ouderlinge hou verband met die herdersbeeld. Hulle taak is om die gemeente soos 'n herder op te pas (*poimanein*), die regering van Christus in die gemeente tot uitdrukking te bring en dié gemeente soos 'n kudde te laat wei (Du Plooy 1979:53). Op grond van Efesiërs 4:11 dui Bavinck (1930(IV):325) aan dat die predikante- en ouderlingdiens nie prinsipieel verskillende dienste is nie, maar dat die dienste in hulle funksionering verskil. Die predikant funksioneer dus as een van die regeerouderlinge wat terselfdertyd as leerouderling optree, terwyl die (ander) ouderlinge hoofsaaklik vir die regering van die kerk verantwoordelik is.

#### 3.3 Gelykheid tussen die dienste

Volgens Calvin (1991:4.4.2) is die dienste wesenlik gelyk. In die Nuwe Testamentiese kerk het die ouderlinge (*presbiters*) volgens algemene besluit regeer. Die gelykheid tussen die dienste rus in die eenheid van die diens, waardeur die predikant en die kerkraad vir die welsyn van die gemeente verantwoordelik is. Nóg die predikant nóg die kerkraad heers oor mekaar. Die verhouding is dié van onderlinge liefde en respek. Die predikant lei en leer die kerkraad as voorsitter van die kerkraad deur die Woord én die ouderlinge hou toesig oor die predikantswerk sodat aan Christus se opdrag voldoen kan word (Spoelstra 1989:23, 26).

Hierdie differensiering in die talle opdragte van die predikant en die ouderlinge beteken nie dat die predikant soos in die gesagsverhouding van werkgewer-werknemer onderhorig aan die kerkraad gestel word nie. Die toesig van die kerkraad oor die predikant is 'n wederkerige toesig waarin die predikant ook deur leiding uit die Woord oor die kerkraad toesig uitoefen. Trouens, die predikant is integraal deel van die kerkraad (Van't Spijker 1982: 84).

Volgens Pienaar (1986:39) kan die toesighouding van die kerkraad oor die predikant “beslis nie” as die toesig wat 'n werkgewer oor 'n werknemer hou, gesien word nie. Vir die uitvoering van hulle diens sluit die kerkraad, dit is die ouderlinge, nie 'n dienskontrak met die plaaslike kerk nie. Eweseer sluit die predikant nie 'n dienskontrak met die plaaslike kerk waarin hy diens verrig nie. Die toesig van die kerkraad oor die predikant moet in dieselfde lig as die toesig wat die kerkraadslede oor mekaar uitoefen, gesien word. Hierdie toesig moet vanuit die eenheid en gelykheid van die predikante- en ouderlingediens verstaan word. Hiervolgens reël artikel 81 nie 'n gesagsverhouding van onderhorigheid van die predikant aan die kerkraad nie en is die bedoeling ook nie om 'n werkgewer-werknemer verhouding daar te stel nie (ibid:38, 39).

In die Dordtse Kerkorde (1619) word die gelykheid tussen die dienste in artikels 16 en 23 gereël. Artikel 16 handel spesifiek oor die taak van die predikant, terwyl artikel 23 die “gemeenskaplike taak” van die bedienaar van die Woord en die ouderlinge reël. Ook uit die hoek van die kerkorde word daar, derhalwe nie 'n gesagsverhouding van onderhorigheid van die predikant aan die kerkraad veronderstel nie.

#### 3.4 Gevolgtrekking

Die diens van die ouderlinge en die predikant is wesenlik een, maar word in verskillende funksies onderskei. Christus regeer self in sy kerk. Die predikant regeer nie oor die kerkraad nie en die kerkraad nie oor die predikant nie. Die ouderlinge toesig kom uit liefde vir Christus en mekaar tot stand en veronderstel nie 'n gesagsverhouding waarin die predikant aan die kerkraad onderhorig is nie. Die predikant is deel van die kerkraad en saam voer hulle die gemeenskaplike taak wat aan hulle opgelê is, uit. Die eenheid, gelykheid en gemeenskaplikheid van die diens van ouderling en predikant hou in dat die een nie die ander se werkgewer kan wees nie.

### 4. WIE REËL DIE PREDIKANT SE VERBINTENIS AAN DIE PLAASLIKE KERK?

#### 4.1 Die staat?

Volgens die uitspraak in die Schreuder-saak (kyk ook *Theron vs. NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1(A) op 9 en 26 waarin regter Jansen daarop wys dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk deur 'n dienskontrak gereël word) ken die hof aan die staatsowerheid die bevoegdheid toe om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël. Die verhouding tussen kerk en staat, en derhalwe die vraag of die staat die bevoegdheid het om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël, is onder meer deur Fourie (1973), Pienaar (1986) en Sadler (1979) nagevors.

Hier word vanuit die Calvinistiese kerkreg op die onderskeid in die bevoegdheid van kerk en staat gefokus om 'n antwoord te bied op die vraag wie die bevoegdheid het om die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk te reël – die kerk of die staatsowerheid? In hierdie verband het Du Plooy (1992:759-771) 'n insiggewende bydrae gelewer deur die verhouding tussen kerk en staat vanuit 'n koninkrykperspektief te benader.

##### 4.1.1 Koninkryk, kerk en staat

Volgens Calvin (Du Plooy 1992:763) lê God die innerlike (geestelike) en die uiterlike (burgerlike regering) regering aan die mens op. Die duidelike onderskeid wat Calvin tussen die geestelike en die burgerlike regering maak, stel nie die een los van of teenoor die koninkryk van Christus nie. Albei is uit 'n eiesoortige funksie op die koninkryk van Jesus Christus gerig.

Al die fasette van die kerk val volkome onder die regering van Christus. Daarvoor het Hy 'n eie regeringswyse vir die kerk in en deur sy Woord gegee (Du Plooy 1979:72). Hierdie eiesoortige regeringswyse van die kerk, die kerkregering, is volkome op die realisering van die koninkryk op aarde gerig. Volgens Calvin kom die innerlike, of geestelike regering wat deur God gegee is, in die kerk as 'n geestelike liggaam tot uitdrukking (Du Plooy 1992:763). Vir Calvin is die geestelike en die burgerlike ryk soos die oë van een mens of soos die arms van een liggaam (Du Plooy 1992:764). Die eiesoortige gerigtheid van hierdie twee regeringsgebiede bepaal dat die een nie oor die ander mag heers nie.

Dié siening van Calvin gee perspektief op sy standpunt dat die kerk 'n roeping in die wêreld het waarvolgens die kerk hom nie van die wêreld mag onttrek nie. Kerk en staat val albei onder die gesag van God. Daarom moet die kerk 'n goeie owerheid as gawe van God sien, terwyl 'n slegte owerheid teken is van die straf en tug van die Here. Hoewel die kerk wat sy interne reg betref nie aan die owerheid onderdanig mag wees nie, moet die kerk egter wel aan die owerheid

gehoorsaam wees in alle aspekte van die uiterlike of burgerlike roeping. In dié sin is die owerheid ook 'n dienaar van God (Du Plooy 1992:766).

Tog sê Calvyn dat die kerk nie meer onderdanigheid aan 'n aardse vors as aan God mag betoon nie. Omdat God oor die kerk (die geestelike) sowel as die staat (die burgerlike) regeer en Hom nie aan die politieke orde onttrek nie, kan die kerk nie anders as om aan die Hoogste Koning gehoorsaam te bly waar die staatsowerheid in stryd met die Woord optree nie (Jonker 1976:176).

#### 4.1.2 Kerk en staatsowerheid

Vanuit die koninkryksperspektief kan die moontlike probleem wat Romeine 13:1-7 skep, verklaar word. Die mening word soms gehuldig dat dié Skrifdeel absolute gesag aan die staat gee, waaronder kerke hulle ten opsigte van alle besluite en reëlins aan die staatsgesag moet onderwerp, ook wat die interne kerkregering soos die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk betref. Die frase "... want die owerheid is 'n dienaar van God tot jou beswil" (Rom. 13:4), beteken dat die owerheid orde en vrede in die samelewing moet handhaaf. Die owerheid het die bevoegdheid om die uiterlike gedrag van die mens te reël deur wette vir bekampings van onregmatige handeling in te stel. Om hierdie rede is die owerheid 'n seën vir die menslike samelewing (Jonker 1976:174).

Hierdie Skrifopdrag beteken egter nie dat die owerheid enige bevoegdheid het om in die interne verbandsreg van die kerk in te dring en geestelike sake aan wette vir uitwendige gedrag te onderwerp nie. Soos hierbo uiteengesit, is die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n uitsluitlik kerklike aangeleentheid wat op die geestelike terrein van roeping en die bediening van Christus se gesag val. Hieroor het die staat nie die bevoegdheid of die beskikkingsmag nie.

#### 4.2 Die kerk?

Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk vind binne die liggaam van Christus (*corpus Christi*) plaas. Met die *corpus Christi* het Calvyn op die voetspoor van Augustinus die ware gemeenskap van die heiliges bedoel, wat in die sigbare gemeenskap van die kerk funksioneer (Richel 1942:63 ev). Die onderskeid tussen die *corpus Christi* en die *corpus christianum* kom daarin tot uitdrukking dat laasgenoemde die groot sigbare gemeenskap is wat volgens Middeleeuse beskouing as 'n amorfe eenheid teen nieChristene gefunksioneer het (vgl. Grosheide en Van Itterzon 1956:583). Aangesien alle gelowiges deur God geroep is, wat oor kerk en staat regeer, moet die gelowiges hulle roeping ten opsigte van die kerk en teenoor die wêreld uitleef (Van't Spijker 2001:2).

In die *corpus Christi* word, soos aangetoon, onderskei tussen die innerlike en die uiterlike roeping. Die predikant staan in die besondere diens en funksioneer in 'n eie gemeenskap met 'n volkome eie (*sui generis*) aard. Vanweë sy roeping, beroeping en bevestiging is die predikant duidelik aan die *corpus Christi* verbind, en nie aan die *corpus christianum* nie. Hierdie verbintenis hou in dat die predikant in sy ampelike hoedanigheid onder die bevoegdheid van die kerk optree en nie onder dié van selfs 'n "Christelike staat nie" (Van't Spijker 2001:2). Die kerke het die verantwoordelikheid om toe te sien dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk geldig en billik deur die kerkregering gereël word.

#### 4.3 Gevolgtrekking

Die kerk en die staatsowerheid val albei onder die gesag van God, maar elkeen op 'n eiesoortige terrein. Die staatsowerheid moet die uitwendige orde in die samelewing handhaaf deur wette wat die uitwendige gedrag van mense reël. Die kerk vorm 'n geestelike ryk en het as liggaam van Christus die bevoegdheid om sy eie geestelike regering uit te voer. Ook die uiterlike handeling van beroeping en bevestiging val onder die geestelike bestuurswyse van die *corpus Christi* (NGB art 30). Die onderskeid wat in die *corpus Christi* tussen innerlike en uiterlike roeping gemaak word

en die feit dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n uitsluitend kerklike saak is, bring mee dat die kerk die bevoegdheid het om hierdie verbintenis te reël.

#### 5. PROBLEEMAREAS VIR KERKE VAN GEREFORMEERDE BELYDENIS

Om die onderwerp nie wydlopend aan te bied nie, word hier slegs aan die predikant se verbintenis in die plaaslike kerk in Nederland aandag gegee. Histories is kerke in Suid-Afrika, wat op gereformeerde belydenisgronde staan, nou verbind aan die kerke van dieselfde belydenis in Nederland. Verder word die regsbevoegdheid in Nederland, soos in Suid-Afrika, ook konstitusioneel bepaal.

##### 5.1 In Nederland

Die Nederlandse reg maak daarvoor voorsiening dat die regsverhouding in kerke as eiesoortig (*sui generis*) beoordeel word (*Kruis vs Christelike Gereformeerde kerk te 's-Hertogenbosch* 1991 NJ 1992 173 637 op 638 en 642-3). Die maatstaf wat die howe konsekwent in kerklike sake gebruik, is die handhawing van die kerkorde van die spesifieke kerk (Kruis-saak p 642).

Dominee Kruis het sy kerkraad voor die hof gedaag op grond van 'n veronderstelde arbeidsooreenkoms tussen homself en die kerkraad. Die maatstaf wat die hof aangelê het, was om te bepaal of daar volgens die kerkorde 'n gesagsverhouding tussen die predikant en die kerkraad bestaan. Volgens die regter reël artikel 11 van die Dordtse kerkorde (wat deur die Christeljk Gereformeerde Kerke gebruik word) die algemene ontslag van 'n predikant wat slegs kan plaasvind met die kennisgewing en goedkeuring van die klassis. Die regter bevind:

Hetzelfde geld voor het toezicht dat de ouderlingen ingevolge art 23 uitoefenen over de dienaren, mede-opzieners en diakenen. Daarbij word de Dienaar de Woords niet genoemd; slechts in art 44 wordt deze wel genoemd bij het toezicht van de klassis over predikanten, diakenen en ouderlingen.

Artikel 23 van die Dordtse Kerkorde lui:

Tot het ambtelijke opdracht van de ouderlingen behoort ... toe te zien, dat de dienaren, zowel als hul mede-opzieners en diakenen, hun ambt getrouw waarnemen ...

Volgens Bos (1950:93) behoort die toesig wat die kerkraad uitoefen tot die predikant en die kerkraad. Die "dienaren" is 'n direkte verwysing na die diens van die predikant (sien Bos 1950:93, 94). Hierdie verklaring van Bos word in die algemeen aanvaar. Die vertaling van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verwys direk na die "bedienaars van die Woord" (sien ook Wezel 1658; aangehaal deur Bos 1950:93, 94).

Die uitspraak in die Kruis-saak rus deels op 'n waninterpretasie van die kerkorde. Indien die hof die kerkorde reg geïnterpreteer het, bly dit steeds 'n vraag of die hof nie sou bevind het dat daar 'n gesagsverhouding tussen die predikant en die kerkraad bestaan nie.

##### 5.2 In Suid-Afrika

In die *Schreuder*-saak het die hof beslis dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n arbeidsooreenkoms is wat in terme van die arbeidswetgewing gereël moet word. Hierdie uitspraak rus sterk op die getuienis van prof L M Heyns en dr D A Scholtz. Regter Basson wys daarop dat Heyns spesifiek getuig het dat die kerk "as vrywillige vereniging bloot 'n menslike organisasie is". Scholtz getuig dat, hoewel "mense mag dink dat hulle hul met geestelike dinge besig hou, dit nie

verander aan die feit dat hulle 'n sosiale sisteem vorm wat volgens sy eie reëls funksioneer soos enige ander sosiale sisteem nie”.

Die siening dat die kerk 'n vrywillige vereniging is, het 'n wesentlike bydrae gelewer in die beslissing dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk 'n arbeidsooreenkoms is wat deur die arbeidswetgewing beoordeel moet word (*Schreuder vs Nederduitse Gereformeerde Kerk, Wilgespruit & others* 1999 ILJ 1936 op 1940-1942). Hierdeur word duidelik dat dit in die Suid-Afrikaanse regspraak praktyk geword het om kerke as vrywillige verenigings te beoordeel, wat vanweë die aard van 'n vrywillige vereniging aan die reëlingsbevoegdheid van die staat onderworpe is (vgl. *Theron vs Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1 (A) op 25).

Scholtz het ook getuig dat die predikant in ruil vir sy dienste verrig 'n salaris en verlof- en pensioenvoordele verkry (*Schreuder vs Nederduitse Gereformeerde Kerk, Wilgespruit & others* 1999 ILJ 1936 op 1940-1942). Die hof het hierdie getuienis gehandhaaf en nie in ag geneem dat 'n predikant se vergoeding op die *stipendia iusta* van die Dordtse Kerkorde berus nie. Volgens hierdie beginsel ontvang 'n predikant nie vergoeding vir sy dienste nie, maar versorging wat hom in staat behoort te stel om sy roeping uit te voer (2.3.1.2).

### 5.3 Gevolgtrekkings

In Nederland handhaaf die hof die *sui generis*-karakter van die kerkregering. Blykens 5.2 het hierdie ontwikkeling nog nie in Suid-Afrika plaasgevind nie. Dit is die kerke se taak om die uniekheid van hulle wese en aard so te formuleer dat dit die hof in die toekoms sal verplig om ondanks die presedente van vorige uitsprake, die *sui generis*-karakter van die kerkregering te erken.

## 6. VOORSTELLE

Uit die lyne wat in hierdie referaat getrek is, word enkele voorstelle oor die verbintenis van die predikant aan die plaaslike kerk formuleer:

- Dat kerke hulle kerkbegrip regstegnies duidelik as 'n unieke, andersoortige (*alius generis*) instelling formuleer en nie as 'n vrywillige vereniging nie.
- Dat die kerkregtelike en dogmatiese grondslae van die formulering van kerke se kerkbegrip, waarin die *sui generis*-karakter van die kerkregering op grond van 'n eiesoortige interne verbandsreg tot uitdrukking kom, duidelik in sinodebesluite – met verwysing na kerkordebepalings – omskryf word.
- Dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk as 'n geestelike bestuurswyse (NGB art 30) binne die uitsluitlike bevoegdheid van die kerk in Sinodebesluite, met verwysing na kerkordebepalings omskryf moet word.
- Dat die kerke self die verantwoordelikheid het om hulle kerkbegrip Skriftuurlik reg te formuleer en dit so te onderhou, waarvolgens die hof kerklike sake op grond van die ware wese en aard van die kerk kan beoordeel.

## 7. SLOT

Die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk moet volgens die regeringswyse wat Christus deur sy Woord instel, plaasvind. Hiervolgens is dié verbintenis 'n uitsluitlik kerklike aangeleentheid wat onder die reëlingsbevoegdheid van die kerk val.

## BIBLIOGRAFIE

- Bavinck, H 1930. *Gereformeerde Dogmatiek. Vierde Deel*. Vierde onveranderde druk. Kampen: Kok.
- Berkhof, L 1976. *Systematic Theology*. London: Cox & Wyman.
- Bos, F L 1950. *De orde der kerk*. 's-Gravenhage: Uitgeverij Guido de Bres.
- Bouma, C 1953. *I, II Timotheus en Titus – Filémon. Korte Verklaring der Heilige Schrift*. Tweede Druk. Kampen: Kok
- Bouma, C 1964. *Het Evangelie naar Johannes II. Korte Verklaring der Heilige Schrift*. Vierde Druk. Kampen: Kok.
- Bouman, H 1970. *(I) Gereformeerde Kerkrecht. Eerste Deel*. Kampen: Kok.
- Brassey, M 1998. *Employment and Labour Law. Volume I*. Kenwyn: Juta en Kie.
- Brown, C ed. 1986. *Dictionary of New Testament Theology. Volume I*. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.
- Calvin, J 1848. *Commentary on the Epistles of Paul the Apostle to the Corinthians. Volume First*. Translated from the original Latin, and Collated with the author's French version, by the Rev John Pringle. Edinburgh: Printed for the Calvin Translation Society.
- Calvin, J 1991. *Institusie van die Christelike Godsdienst. Boek vier*. Vertaal deur Simpson, H W Potchefstroom: Calvin Jubileum Boekefonds.
- Coertzen, P 2000. *Die regsposisie van kerke in Suid-Afrika*. Referaat gelewer voor die Kongres oor Kerk en Staat. Ongepubliseer. Stellenbosch.
- Coetzee, J C 1975. *Charismata – Geestesgawes*. In *die Skriflig*, 34(9):27-35, Jun.
- De Bres, G 1561. *Die Nederlandse geloofsbelijdenis*. (In *Die berymde Psalms*. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers. pp 488-516).
- Du Plooy, A le R 1979. *Ekklesia en meerdere vergaderinge*. Potchefstroom: PU vir CHO (MA-verhandeling).
- Du Plooy, A le R 1992. *Calvyn oor die koninkryk van God en die staat*. *Hervormde Teologiese Studies*, 48(3 & 4):759-771.
- Feenstra, J G 1947. *Onze Geloofsbelijdenis*. Tweede druk. Kampen: Kok.
- Fourie, D C G 1973. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk as regs persoon in die Suid-Afrikaanse privaatrecht*. Potchefstroom: PU vir CHO (Proefskrif).
- Grosheide, F W & VAN Itterzon, G P 1956. *Christelike Encyclopedie. Deel 1 A-Bouwoffer*. Kampen: Kok.
- Grosheid, F W 1957. *De Eerste Brief aan de Kerk te Korinthe. Commentaar op het Nieuwe Testament*. Tweede herziene druk. Kampen: Kok.
- Jones, I J 1961. *The pastor: the man and his ministry*. Philidelphia: Westminster.
- Kerke van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Soos gewysig deur verskillende sinodes*. 1980. Potchefstroom: Calvin Jubileum Fonds.
- Jonker, W D 1976. *Die Brief aan die Romeine*. Vierde Druk. Pretoria: N.G. Kerk Uitgewers.
- Jordaan, B & Rycroft, A 1994. *Handleiding tot die Suid-Afrikaanse Arbeidsreg*. Kenwyn: Juta en Kie.
- Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. 1998. Potchefstroom: Admin. Buro van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.
- Moens, C 1962. *Vreugde in het ambt*. Kampen: Kok.
- NGB. Kyk De Bres, G.
- Pienaar, G 1986. *Die Regsposisie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Potchefstroom: EFJS.
- Postma, F 1989. *Beknopte woordeboek. Latyn-Afrikaans*. Sesde druk. Kaapstad: HAUM.
- Richel, P J 1942. *Het kerkbegrip van Calvijn*. Franeker: Wever.
- Sadler, T H N 1979. *Die kerklike tughandeling*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Scholtz, A. 2000. *Die kerk en die regbank*. Referaat gelewer voor die Kongres oor Kerk en Staat. Ongepubliseer. Stellenbosch.
- Sillevis Smit, P A E 1910. *De organisatie van de Christelijke kerk in den apostolischen tijd*. Rotterdam: De Vries.
- Smit, C J 1988. *Weerwoord: Die grense van die kerk*. (In Du Toit, H. & Kruger, P., red. *Geroep tot eenheid*. Halfway House: NGKB. pp 126-142).
- Snyman, W J 1977. *Nuwe en Ou Dinge*. Uit die skat van die koninkryk. In Snyman, P.C., red. Potchefstroom: Pro Rege.

- Spoelstra, B 1989. *Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde*. Hammanskraal: Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- Van der Linde, G P L 1965. *Grondbeginsels van die Presbiteriale kerkregeringstelsel*. Potchefstroom: Pro Rege.
- Van der Linde, G P L 1980. *Die Kerkregeringstelsel*. Diktaat: Kerkreg II. Potchefstroom: PU vir CHO.
- Van der Linde, G P L 1983. *Die Kerkorde – 'n verklaring van die Gereformeerde kerkorde*. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- Van der Linde, G P L 1987. Die diens van die Woord in die kerk. *In die Skriflig*, 21 (83):19-27, Sept.
- Van Ginkel, A 1975. *De Ouderling*. Amsterdam: Ton Bolland.
- Van't Spijker, W 1982. De ouderling en zijn werk in het licht van de kerkorde. (In Koole, D. & Velema, W.H., red. *Uit Liefde tot Christus en zijn Gemeente*. Tweede druk. Kampen: Kok. pp 71-100).
- Van't Spijker, W 1990. Calvijn. (In Van't Spijker e.a. *De kerk*. Kampen: De Groot Goudriaan. pp 143-162).
- Van't Spijker, W 2001. *Die predikant: 'n Werknemer van die Kerkraad?* Referaat gelewer voor die GTV, Potchefstroom.
- Venter, C J H 1988. Amp en ampsdraer – Gesigspunte uit die Nuwe Testament. (In Rossouw, P.J., red. *Gereformeerde Ampsbediening*. Pretoria: NG Kerkboekhandel. pp 95-106).
- Visser, J 1999. *Die Kerkorde in Praktyk*. Roodepoort : EFJS Drukkers.
- Vorster, N 1999. *Kerk en Owerheid binne 'n Regstaat. Die roeping van die kerk met betrekking tot die Suid-Afrikaanse Owerheid*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th M-Verhandeling).

#### HOPSAKE

- Kruis vs Geref. Kerk te's Hertogenbosch*. 1991. NJ 1992. 173 mn HJS.
- Schreuder vs Nederduitse-Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others*. 1999. 20 ILJ 1936.
- Theron vs Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA*. 1976. 2 SA 1(A).

#### WET

- Wet op Gelyke Indiensneming, Wet 55 van 1998 1(1).